

Stad in die mis

1. Met gespanne spier
2. loop ek deur die mis
3. want om my sluip 'n dier
4. onder wit duisternis;
5. ek hoor hom knor en in oop mote
6. waggel sy pilare-pote
7. en sy kantelende rug metaal;
8. op hoeke van die strate blink
9. sy oë bloedbelope,
10. en met sy hap sluit staal op staal.

D.J. Opperman

Stylfigure in gedigte

Stylfiguur	Voorbeeld	Verduideliking
Alliterasie: (ook stafrym)	Reëls 1, 3, 4, 5, 6, 7, 9, 10.	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Assonansie	Reël 5.	Opeenhoping van vokale.
Enjambement.	Reël 1 na reël 2, reël 2 na reël 3, reël 3 na reël 4, reël 5 na reël 6, reël 6 na reël 7, reël 8 na reël 9.	Die een versreël loop oor na die volgende een sonder leestekens.
Herhaling / Repetisie	Reëls 6, 7, 9, 10.	Woorde of versreëls word herhaal om 'n bepaalde effek te kry.
Klimaks en antiklimaks:	Reël 10.	Feite word stygend belangriker of minder belangrik.
Metafoor	Reëls 3, 6, 7, 9.	'n Ander betekenis aan iets gee. Dit is soos 'n vergelyking maar die woorde "soos", "nes" en "net soos" is NIE daar nie.
Onomatopée / Klanknabootsing	Reëls 1, 3, 4, 5, 6, 7, 9, 10.	Die woord boots klanke na.
Personifikasie	Reëls 3, 5, 6, 8, 9, 10.	Lewelose dinge of diere kry menslike eienskappe.
Rymtipe in die gedig	Kruisrym, paarym en omarmende rym.	Kruisrym is waar woorde van alternatiewe versreëls wat rym, die rymskema is abab, cdcd. Paarym is waar woorde van agtereenvolgende versreëls wat rym, die rymskema is aa, bb, cc. Omarmende rym is waar woorde waarvan die 1 ^{ste} en 4 ^{de} en die 2 ^{de} en 3 ^{de} versreëls rym, die rymskema is abba, cddc.

Vrae

1.1. Pas die sintuie wat ter sprake is met die betrokke dele van die gedig.

	Kolom A	Kolom B	
1.1.1.	Reëls 1 – 4	A	Gehoor
1.1.2.	Reëls 5 – 7	B	Sig
1.1.3.	Reëls 8 – 10	C	Tas

1.2. Waarvan is die dier in die gedig 'n metafoor? (1)

1.3. Haal 'n woord aan uit die gedig wat 'n sinoniem is vir die dier wat skelm kriip. (1)





1.4. Haal 'n woord aan uit die gedig wat 'n sinoniem is vir die dier wat heen en weer wankel. (1)

1.5. Haal 'n woord aan uit die gedig wat 'n sinoniem is vir die dier se oë wat skitter. (1)

1.6. Haal 'n woord aan uit die gedig wat 'n sinoniem is vir die dier wat byt. (1)

1.7. Haal een woord aan uit die gedig wat sê dat die spreker senuweeagtig is. (1)

1.8. Pas die prentjies by die woorde uit die gedig waarvan dit 'n metafoor is. (1)

Kolom A		Kolom B	
1.8.1.	pilare-pote	A	
1.8.2.	kantelende rug metaal	B	
1.8.3.	oë bloedbelope,	C	
1.8.4	met sy hap sluit staal op staal	D	

1.9. Wat is die doel van die enjambement in die gedig? (2)

1.10. Kies die antwoord wat NIE reg is NIE:

Die laaste reël kan ook ook beteken dat...

- die mens vagevang word in die stad.
- die stad gevaarlik kan wees.
- die stad almal hartlik verwelkom.
- swaar masjinerie gebruik word om stede uit te brei.

1.11. Pas Kolom A by Kolom B.

Kolom A		Kolom B	
1.11.1.	Alliterasie	A	om my sluip 'n dier
1.11.2.	Assonansie	B	waggel sy pilare-pote
1.11.3.	Klanknabootsing	C	Met gespanne spier
1.11.4	Personifikasie	D	ek hoor hom knor en in oop mote

Memorandum

1.1.1 – C, 2 – A, 3 – B.

1.2. 'n Dier. (1)

1.3. Sluip. (1)

1.4. Waggel. (1)

1.5. Blink. (1)

1.6. Hap. (1)

1.7. Gespanne. (1)

1.8.1 – D, 2 – A, 3 – B, 4 – C.

1.9. Dit bind die drie dele van die gedig tot 'n eenheid. / Verdeel die gedig in drie. (2)

1.10. C – die stad almal hartlik verwelkom.

1.11. 1 – C, 2 – D, 3 – A/B, 4 – A/B.